**Skriflesing:** Ps 139 (’n Loflied tot eer van die Here wat alles van ons weet.)
**Tema:** Omsluit – om sonder maskers te kan leef.

Van die tyd van Adam en Eva af probeer mense om weg te kruip vir die Here. Ons kruip ook vir mekaar weg agter maskers. Ons dra maskers al van van lank voor die pandemie. Soms is dit ‘n vriendelike glimlag dit-gaan-goed voorgee masker, soms is dit ‘n besig wees masker of nog ’n masker wat ons dra is ‘n bangmaak masker om mense van ons af weg te hou.

Ons is soms met mense suksesvol met die maskers wat ons dra, maar ons kan niks vir die Here wegsteek nie, want d**ie Here weet alles van ons.**
Hy ken ons deur en deur. Hy ken ons dade, woorde en ons gedagtes, ons drome en teleurstellings, ons hartseer en vreugde.

Die gedagte dat die Here alles van hom af weet, maak dat die Psalm skrywer van God af wil wegvlug. Maar waarheen kan hy vlug?

Ons kan nie van die Here af wegvlug nie, want die **Here is oral.**
Hy word nie deur tyd en ruimte ingeperk nie. Sy mag en teenwoordigheid is oral. Waar ons ookal kan gaan, God is daar.

In die tyd van Dawid is die doderyk beskou as ‘n plek waar God nie is. Maar Hy is ook daar.

Omdat dit in die begin, voor die skepping, donker was en omdat rowers dikwels in die donkerte toeslaan het, is die duisternis soms beskou as 'n terrein buite God se beheer. Maar wanneer ons daarheen sou vlug, sal ons vind God is ook dáár. Hy maak die donker lig, want Hyself is die lig.

Nie net weet Hy alles en is Hy oral nie, **Hy maak ook alles, Hy is Skepper en Onderhouer.**
Reeds voor ons geboorte, was die Here al by ons betrokke. Waar niemand dit kon sien nie, het die Here ons geken en gevorm tot ’n mens.

Die skepping en geboorte van elke mens is 'n wonderdaad van God waarvoor Hy geloof moet word. Selfs tóé, terwyl God nog besig was om my en jou te skep was ons al belangrik vir Hom. Hy het ons elkeen se naam en lewe in sy boek opgeskrywe. Ons is so bekommerd en wonder so baie oor ons toekoms – terwyl dit reeds in God se boek opgeskryf is. Ons en ons verlede, hede en toekoms behoort aan Hom.

**En die grootste wonder is dat God wat alles van ons weet, by ons is.**
Meer as in vorige jare gesels en wonder ons in die pandemie tyd oor waar God is?
En dan word ons nou weer verseker dat daar geen deel van jou lewe is, wat jy van God kan uitsluit nie.
Hierdie wete is gerusstellend, vertroostend en versterkend - die Here omsluit en beskerm ons van alle kante.
Carl Barth skryf hieroor die volgende: ““Die grootste wonder of verrassing oor God is nie hoe groot Hy is, sy alomteenwoordigheid, almag of alwetendheid nie, maar hoe naby God aan ons kom. Hoe genadig hierdie regverdige God met ons handel. Hoe intiem hierdie almagtige God by elkeen van ons betrokke is – dit is die wonder van God.”

Ons is oppad Kerstyd toe. Ons gaan die fees van Immanuel wat beteken: “God by ons” vier. (Matt 1:23) Here is nie net in ooste en verre weste teenwoordig nie, veel meer as dit. Sy hand lei ons ook daar. Met sy regterhand, sy sterk regeerhand, hou Hy ons vas.

Baie mense het in die tyd die geweldige trauma ervaar van geliefdes wat ernstig siek is, sterf in hospitale of in ouetehuise en ons as familie kan nie naby hulle kom nie. Maar gelukkig weet ons dat die Here by hulle is. Die Here is ons Herder in groen weivelde en by water waar rus is en ook in donker dieptes van die dal van doodskaduwee.

Alles wat God vir ons is en doen is net te groot vir ons verstand. Dit oorweldig ons. Hoe dieper ons delf in die wonderdade en liefde van God, hoe meer besef ons die omvang daarvan, maar ook dat dit te groot is om te verstaan.
Hoe dieper ons delf in die wonderdade en liefde van God, hoe meer besef ons ons eie nietigheid en Sy grootheid, hoe makliker bely ons ons sonde, hoe makliker haal ons ons maskers af en hoe nader bring dit ons aan die Here en aan ‘n oop eerlike verhouding met Hom.

In die tweede deel van die psalm bid Dawid om verlossing van God se vyande, wat ook sy vyande is. Hy gebruik sulke harde woorde woorde dat ’n mens wonder of hierdie gedeelte in die Bybel hoort. Maar die bidder se masker is af. Hy staan in ’n oop en eerlike verhouding met God. Dit gaan nie hier oor wraaksug nie, maar oor die eer van God. Vyande van God is ook sy vyande. Daarom bid die Dawid vir hulle ondergang. Onthou egter ook dat ons twee weke gelede juis stilgestaan het by die feit dat Christus ons laat deel in sy oorwinning en inlei in nuwe volkleur Goddelike verhoudings, ook wat ons vyande aan betref. (Matt 5:43-45)

Hy wat aan die begin van die Psalm van die Here wou wegvlug, staan in ‘n nuwe verhouding met Hom. Elkeen van ons word uitgenooi tot so ’n gemaklike, oop, eerlike verhouding met die Here en met mekaar. Haal jou masker af.
Die Here weet in elk geval alles van jou af, Hy is oral en Hy doen alles, Hy is Skepper en Onderhouer.
En Hy is by ons. Hy omsluit ons van alle kante - sy hand lei ons, sy regterhand hou ons vas.
Gee jou onrus vir Hom, Hy weet in elk geval daarvan.
Vra Hom daagliks: “Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die regte pad.” Hy wil en sal ons op Sy regte pad lei.
Amen